

## Sing vooraf staande: Psalm 17:1, 4 (p. 66)

- 1 O HEER, verleen my tog gehoor; / my saak – U weet dit – is regverdig.  
En wil my smeking nou verwerdig / dat dit kan opklim in u oor.  
Alleen deur waarheidsdrang bewoë / beef van my lippe die gebed:  
ag, as U maar my saak wou red, / U wat geen onreg wil gedoë.
- 4 Net soos die appel van die oog, / bewaar my so, Getroue en Sterke!  
Oordek my met u eewge vlerke, / met u bewaring van omhoog;  
sodat die skaar wat my omring het, / vergeefs na my sal seek, o God,  
vergeefs sal jubel oor my lot / as hul al amper my bespring het.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.

Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## Psalm 89:1, 3 (p. 444)

- 1 Van goedertierenheid sal ek vir ewig sing, / en aan u trou, o HEER, altyd my hulde bring;  
want soos 'n tempel wat op vaste grond verrys het, / so rys die eewge guns wat U aan ons bewys het;  
en soos die hemelboog nooit uit sy stand sal wyk nie / so seker sal u trou nooit wankel of beswyk nie.
- 3 Die hemel loof, o HEER, u wonderbare mag; / die eng'le prys u trou en waarheid dag en nag.  
Want in die hemel is daar niemand U gelyk nie; / geen seraf wat voor U die vleuel nie moet stryk nie.  
U's groteliks gedug en eind'loos in vermoë, / u onverbreekb're trou omring U voor hul oë.

## Gebed

### Psalm 145:1, 2, 3 (p. 696)

- 1 U Naam, o HEER, so hoog in heerlijkheid, / wil ek verhef vir ewig en altyd;  
u Koningseer wat alle krone oorstraal, / wil ek verhoog in onvermoeide taal.
- 2 Die HEER is groot, daar is geen sanggeluid / wat ooit sy lof in volle waarde uit!  
Dit is 'n see waar niemand in kan meet, / dit is 'n vloed waar ons geen grond van weet.
- 3 Omdat, o God, in dié geheimenis / vir ons vernuf geen grond of einde is,  
daarom prys ons u wêrk, u daad van krag, / van kind tot kind, tot in die nageslag.

## Skriflesing: Psalm 145; Heidelbergse Kategismus, Sondag 47

**Kernvers:** Psalm 145:1-3

**'n Loflied van Dawid. Alef o My God, o Koning, ek wil U verhoog en u Naam loof vir ewig en altyd. Bet Elke dag wil ek U loof en u Naam prys vir ewig en altyd. Gimel Die HERE is groot en baie lofwaardig, en sy grootheid is ondeurgrondelik.**  
(Psalm 145:1-3 AFR53)

## Heidelbergse Kategismus

### Vraag 122: Wat is die eerste bede?

*Antwoord: Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken (a) en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter (b). Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word (c).*

*(a) Joh 17:3; Jer 9:24; 31:33, 34; Matt 16:17; Jak 1:5; Ps 119:105. (b) Ps 119:137; Luk 1:46, 47, 68, 69; Rom 11:33. (c) Ps 71:8; 115:1.*

## Tema: Om passievol oor die HERE te wees

Geliefde gemeente van ons Here Jesus Christus, vir die rugbyliefhebbers het die jaar verlede naweek eers behoorlik begin. En vir die volgende agt of nege maande het hulle weer iets om te doen oor 'n naweek. Daar is baie mense wat van rugby hou, maar dan kry jy daardie mense wat passievol is daarvoor. Om die waarheid te sê, hulle is fanaties oor dié sport. Na elke wedstryd kan hulle omtrent elke beweging in detail vir jou oorvertel. Hulle ken elke speler se naam. Weet selfs wie is die plaasvervangers en moontlike nuweling. In sulke mense se geselskap voel ek self maar soos 'n dommetjie. Ek hou van rugby, maar ek kan nie so daarvoor gesels soos hierdie mense nie.

Daar is baie dinge waarvoor mense passievol raak. En hulle kan ure daarvoor gesels. Om die waarheid te sê, hulle sal elke gesprek van waar af ook al in die rigting laat gaan na dit waarvoor hulle fanaties is.

Natuurlik is dit nie verkeerd om passievol oor iets te wees en daarvoor te gesels nie, solank as wat 'n mens dit binne perke hou. Maar iemand wat al ondervind het hoe goed en regverdig en genadig ons HERE is, sal weet dat Hy ons eintlik passie in die lewe is. Ons wat die Here al in sy heerlijkheid leer ken het, behoort fanaties te wees oor Hom. Ons moet altyd gereed wees om oor sy grootheid, genade en goedheid te praat. Ja, ons moet altyd daarop bedag wees om die geleenthede raak te sien sodat ons 'n gesprek in die rigting stuur waar ons oor Hom kan getuig. Ons sintuie moet so wees dat ons orals waar ons kom die prikkels kan opvang van die bewyse van die Here se heerlijkheid, en ons moet oorloop van eindelose lof en roem aan Hom.

As ons aandagtig na ons psalm geluister het dan het ons agterkom dit is waarvoor Dawid nie uitgepraat kan raak in hierdie psalm nie. Hy borrel oor van lof en prys en roem aan die HERE. Selfs die titel van die psalm is 'n *Loflied*. Dit is die enigste psalm met so 'n titel. Hierdie psalm lui ook die *grand finale* van lofliedere aan God in wat eindig in Psalm 150. Die van u wat met die 53-vertaling of die nuwe Direkte Vertaling van die Psalms voor u oop het, sal opmerk dat daar aan die begin van elke vers 'n vreemde woord geskryf staan. In ons drie kernverse staan daar aan die begin van elke vers geskryf: **Alef, Bet, Gimel**. Dit is die Hebreeuse alfabet. Elke vers begin dan met daardie betrokke letter van die Hebreeuse alfabet. 'n Mens kan dus sê dat Psalm 145 die ABC van lof aan die HERE is.

Broers, susters en kinders, wanneer ons nou in gedagte hou hoe fanaties Dawid in hierdie psalm is om lof en roem aan die HERE te bring en ons kyk 'n slag na wat ons Sondag 47 bely, kom ons agter dat ons inderwaarheid bid dat die Here ons ook soveel passie vir Hom sal gee. Kyk hoe bely ons dit.

Daar word gevra: **Wat is die eerste bede?** Dan antwoord ons: **Laat u Naam geheilig word. Dit is: Gee allereers dat ons U reg ken en dat ons U heilig, roem en prys in al u werke waarin u almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid so skitter. Gee verder dat ons ons hele lewe, gedagtes, woorde en werke daarop sal rig dat u Naam nie om ons ontwil gelaster nie, maar geëer en geprys word.**

Miskien het dit met jou ook al gebeur soos wat dit met my gebeur het. 'n Mens bid elke dag en in 'n stadium kom jy agter dat jou gebede 'n rympie geword het waarin jy elke keer dieselfde woorde in dieselfde volgorde bid. Dit is egter nie verkeerd om elke keer dieselfde woorde in dieselfde volgorde te bid nie. Jesus het ons immers die *Onse Vader* geleer bid. Maar ons mense se moeilikheid is dat ons die woorde van die gebed naderhand so goed

ken dat ons nie meer dink wat ons bid of met wie ons praat wanneer ons bid nie – en dit is verkeerd.

En as ons vir 'n slag weer aandagtig luister na wat ons bid, kom ons agter dat ons die dinge totaal onderstebo keer. Ons vra baie maal eerste wat ons nodig het, soos gesondheid, krag, kos en klere of vergifnis. Dit is nie dat ons nie vir die HERE hierdie goed mag vra nie. Ons moet dit by Hom vra, want dit is net Hy wat dit vir ons kan gee, maar dit is nie wat ons eerste in die gebed moet vra nie. Jesus leer ons om eerste te bid vir wat vir God nodig is. Hy is immers die eerste en belangrikste van alles waarvoor ons kan en moet bid. Daarom vra ons in hierdie eerste bede dat die Here heel eerste aan ons sal gee dat ons Hom reg ken. Wat ook al vir ons belangrik mag wees om te weet en te ken, daar is niks wat belangriker kan wees as om God te ken nie. Jesus verwoord dit in sy gebed wat opgeteken is in Johannes 17:

**En dit is die ewige lewe, dat hulle U ken, die enige waaragtige God, en Jesus Christus wat U gestuur het. (Johannes 17:3 AFR53)**

Uit die eerste woorde in ons antwoord in Sondag 47 kom ons agter dat die Naam van God nie maar net 'n woord is nie. Met *Naam* word die HERE ons God self bedoel. Ons moenie net weet dat sy Naam HERE is nie. Ons moet Hom as HERE self leer ken.

Vervolgens, so bely ons dit, vra ons die HERE dat Hy aan ons sal gee om Hom in al sy werke te heilig, te roem en te prys. Dit gaan dus nie net oor die werke van die HERE waarvan ons hou en wat ons gemaklik laat voel nie. Dit gaan oor al God se werke – sy werke van verlossing sowel as sy werke van regverdige oordeel. Vir ons beteken dit dan dat ons die HERE moet heilig, roem en prys oor sy werke van genade sowel as sy werke waarin ons sy tugtiging ervaar. Dit beteken dan dat ons vra dat die Heilige Gees al ons sintuie so sensitief sal maak dat ons oral en altyd geprikkel word om die HERE se werke waar te neem sodat ons Hom daarvoor kan prys.

En dan vra ons in die derde plek dat die Heilige Gees ons so sal regeer dat ons hele lewe, al ons gedagtes, woorde en werke daarop gerig sal wees om God te eer en te prys. Alles wat ons dus is en het moet ingespan word om God te eer en te prys. Ons vra die HERE om ons passievol vir Hom te maak.

Met die handvatsels in Sondag 47 gaan ons nou kyk waarvoor Dawid passievol was oor die HERE. Dawid het die HERE geloof en geprys omdat die HERE groot is. Van al die konings wat in Jerusalem geregeer het, was niemand soos Dawid nie. Deur die geskiedenis van Israel heen hoor ons hoe die Here telkens terugverwys na Dawid. Onder al die konings van die omringende volke was daar ook niemand soos Dawid nie. Onder die hand van die Here het Dawid die grondgebied van Israel uitgebrei en vergroot soos die Here nog aan Abraham belowe het.

Alhoewel Dawid so 'n vername koning was in die wêreld van destyds, het hy nie gehuiwer om homself voor God neer te buig nie. In tye toe konings in weelde geleef het en verwag het dat hulle onderdane voor hulle moes buig omdat hulle hulleself as gode beskou het, het Dawid voor God gebuig. Daarmee het hy erken en bely: Ek is nie God nie. In vergelyking met die ware lewende God is ek eintlik niks nie. God is Koning en Hy alleen is groot. Hy alleen is waardig om geprys te word.

Maar let op hoe noem Dawid vir God. Hy praat nie net van God nie, maar van *my* God. 'n Mens kan die Here eers waarlik loof en prys as jy Hom ken as jou persoonlike God. Dit

is nie genoeg om Hom as jou ouers se God te ken nie. Selfs nie eers jou vrou of jou man se God is goed genoeg nie. Die Here moet *jou* en *my* God wees.

Vir ons om die Here as *ons* God te ken is dit noodsaaklik dat ons as ellendige hulp-behoewende sondaars by die kruis moet uitkom waarheen God sy Seun gestuur het om die straf op die sonde te dra wat ons verdien het. God het sy stempel van bevrediging op Christus se offer in ons plek geplaas toe Hy sy Seun uit die dood opgewek het. Ek en jy moet die volle vertroue hê dat die gekruisigde en opgestane Verlosser *jou* en *my* Here God is.

Toe Tomas wat getwyfel het oor die opstanding van Jesus Christus en die Here Jesus lewend voor hom sien staan het, het sy twyfel dadelik plek gemaak vir geloof en het hy uitgeroep:

**My Here en my God!** (Johannes 20:28 AFR53)

Hierop het Johannes verder gegaan en geskryf:

**Nog baie ander tekens het Jesus voor sy dissipels gedoen wat in hierdie boek nie beskrywe is nie; maar hierdie is beskrywe, dat julle kan glo dat Jesus die Christus is, die Seun van God; en dat julle deur te glo die lewe kan hê in sy Naam.** (Johannes 20:30-31 AFR53)

Vir ons om saam met Tomas en Dawid in 'n koor die lof en roem van die Here te besing moet ons ons vertroue ten volle in die opgestane Here Jesus stel; so sal ons die sekerheid hê dat Hy *ons* Here en *ons* God is.

Dawid kan nie anders as om God te prys nie, want God is so groot. Luister net weer na vers 3:

**Die HERE is groot en baie lofwaardig, en sy grootheid is ondeurgrondelik.**  
(Psalm 145:3 AFR53).

Die glans van God se heerlike majesteit dwing Dawid se mond oop in lofsange. Dit is asof hy al die woorde waaraan hy kan dink om die grootheid en goedheid van God te besing die een op die ander een stapel. Maar dit is dan asof die woorde te min en heeltemal ontoereikend is, en daarom sê hy dat God se grootheid ondeurgrondelik is. God is so groot en so goed dat al die groot woorde waaraan ons kan dink om die lof van die Here te besing nog ver tekort skiet.

Paulus se woorde het ook opgeraak toe hy van die rykdom van Christus gepraat het. Daarom het hy van die onnaspeurlike ryk van Christus gepraat (Efes 3:8). En as hy die verkondiging van die verlossing wat God bewerk het afsluit in die brief aan die Romeine, breek hy ook in 'n lofsang uit:

**o Diepte van die rykdom en wysheid en kennis van God! Hoe ondeurgrondelik is sy oordele en onnaspeurlik sy weë!** (Romeine 11:33 AFR53)

Ons kom dus agter dat 'n mens die Here alleenlik behoorlik kan loof en prys as ons Hom reg ken. Waar het Dawid die Here dan leer ken? Ons weet dat die profete Jesaja en Esegïel oorweldigende visioene van God gesien het waarin hulle die heerlijkheid van God gesien het, maar Dawid het nie 'n visioen gehad nie. Ons weet ook dat die Here twee maal aan Dawid se seun Salomo verskyn het (1 Kon 11:9), maar Dawid was nie so bevoorreg nie. Waar het Dawid dan God se grootheid leer ken?

Blaai gou saam met my terug na Psalm 19. In verse 2 tot 7 hoor ons wat die een bron van Dawid se kennis oor die grootheid van die Here is. God openbaar sy heerlijkheid in die skepping wat Hy tot stand gebring het deur net te spreek. In die dag en nag verkondig die hemele die eer van God. Die son, maan en sterre vertel van die grootheid van God. Ons staan daagliks nog in verwondering oor die wonderlike skepping van die Here. Elke dag word daar nog geheimenisse wat vasgelê is in die skepping blootgelê. En elke keer kan ons maar net uitroep: Hoe groot is die Here!

Die tweede bron van Dawid se kennis van God is die wet. So skryf hy dit in vers 8 tot 13 van Psalm 19. As Dawid dan van die wet van die Here praat, bedoel hy nie net die Tien Gebooe nie, maar die eerste vyf boeke van die Bybel. Want kyk 'n bietjie, in vers 8 van ons psalm haal Dawid daardie baie bekende woorde van die Here aan toe Moses so graag die Here wou gesien het. Die Here het vir Moses gesê dat geen mens Hom kan sien en bly lewe nie, maar die Here was Moses genadig. Hy het Moses in 'n rotsskeur laat staan en hom daar met sy hand toegehou. En toe die Here verbygegaan het, het Hy geroep:

**Genadig en barmhartig is die HERE, lankmoedig en groot van goedertierenheid.**  
(Psalm 145:8 AFR53)

Ons het vandag nog dieselfde bronne as wat Dawid gehad het. Ons het die skepping waarin ons die magtige daade van die Here daagliks ontdek. Ons het die geopenbaarde Woord van die Here op skrif. Deur die wysheid en verligting van die Heilige Gees kan ons onself in hierdie Woord verdiep en ook die Here leer ken as die genadige, barmhartige God wat lankmoedig en groot van goedertierenheid is. Mag die Here aan ons gee dat ons Hom reg sal ken sodat ons ook kan sing van sy ondeurgrondelike grootheid.

In sowel die skepping as in die Skrif leer ons God se werke ken. En oor al sy werke waarin sy almag, wysheid, goedheid, geregtigheid, barmhartigheid en waarheid skitter wil ons die Here roem en prys. Een van hierdie magtige daade waarvoor ons God moet prys, is die skepping. Die Satan probeer nie verniet met die teorie en mite van evolusie God se grootheid as Skepper ondermyn nie. Die Satan kan dit nie verdra dat daar mense is wat die Here glo en nie vir hom nie. Die eerste magtige daade van die Here wat ons in die Bybel leer ken, is sy skeppingsdaade. Die ganse uitspansel van sterre en planete, die hele aarde en alles wat op hierdie aarde lewe, is nie die resultaat van kans plus sogenaamde miljoene jare nie. Dit is gek om te dink dat alles per toeval self maar so ontwikkel en ontplooi het. Wie ook al die skepping met die fyn verweefdheid van alles daarin aan enigiets anders as aan God se grootheid en almag en wysheid toeskryf, beroof Hom van al die eer en roem wat ons aan Hom verskuldig is. Wie dit doen, heilig nie die Naam van ons grote God nie.

Maar dit is veral in die verlossing van sy mense en die regverdige oordeel van die bese wat ons die magtige daade van God raaksien. Die verlossing waarop die Here in die ewigheid besluit het, het net na die sondeval in werking getree. Nog daar in die tuin van Eden het die Here uit genade diere doodgemaak om sy mense behoorlik te klee met rokke van vel. Dit is ook daar in die tuin dat die Here belowe het dat die saad van die vrou die slang se kop sal vermorsel (Gen 3:15). God het hierdie verlossingsplan van Hom al meer en meer ontvou toe Hy vir Abraham geroep het en beloof het om hom 'n groot nasie te maak wat tot seën sal wees vir al die nasies op die aarde (Gen 12:1-3).

In die uittoeg uit Egipte het die Here gedemonstreer dat die bloed van die lam die eersgeborenes van die volk beskerm. En God het die Rooi See voor sy volk oopgekloof en hulle uit die huis van slawerny uitgelei na die beloofde land. In daardie selfde magsdaad

het die Here ook getoon dat Hy die bese regverdig oordeel toe Hy die farao en sy hele leër in die Rooi See verdrink het.

Die verlossing en oordeel van God word by uitnemendheid raakgesien wanneer God sy Seun stuur om die heel laaste bloedoffer vir die sonde te wees. In sy Seun wat mens geword het oordeel God die sonde en reken daarmee af, en terselfdertyd skenk Hy deur sy Gees 'n onuitspreeklike groot genade aan hulle aan wie Hy die geloof gegee het.

Nog eens sien ons dit raak. As ons saam met Dawid en Tomas en Paulus die lof van die Here wil besing, moet ons onself aanhoudend verdiep in die Woord van die Here. Dit is hier waar Hy sy magtige werke in groot besonderheid openbaar. Mag die Here gee dat ons die grootsheid van sy werke kan raaksien. Mag Hy ons die woorde in die mond lê en ons deur sy Gees so lei dat ons nie kan stilbly nie.

Ons moet die Here egter nie net in ons private hoedanigheid loof en prys nie. Omdat God so groot en so goed is, moet ons hele lewe – dit is al ons werke, woorde en gedagtes – so wees dat ander mense ook die grootheid en goedheid van die Here hoor en sien en Hom prys. Dawid sê dat hy elke dag die Here wil loof en sy Naam wil prys (Ps 145:2). Mag die Here gee dat ons dit regkry om elke dag in ons gebede Hom kan loof en prys. Maar mag Hy verder gee dat ons dit aan die volgende geslag kan vertel en hulle dit weer aan die volgende geslag vertel so lank as wat die Here mense op hierdie aarde sal laat woon. Mag die grootheid en goedheid van die Here in sy werke – veral sy werke in die verlossing in en deur Jesus Christus – die inhoud van ons woorde, gedagtes en werke wees sodat almal sal weet dat ons Vader die enigste God en sy Seun die Here is.

Let nog op een laaste ding. Drie keer sê Dawid dat die Here se Naam vir ewig en altyd geloof moet word (Ps 145:1, 2, 21). Dit is asof *ewig* nie lank genoeg is nie, daarom voeg hy ook nog *vir altyd* by. Nooit maar nooit mag ons ophou om die Here te loof en te prys nie. Laat ons onself dan nog verder verdiep in die rykdom van sy Woord sodat die woorde en die begeerte om Hom te prys by ons nooit sal opraak nie.

**Amen!**

Slotgebed

Psalm 145:4, 5, 12 (p. 696)

- 4 Die skitterglans wat uit u majesteit / u wonderwerk bestraal met heerlijkheid,  
gedugte krag wat ons van angsk laat vrees, / u grootheid, HEER – dit sal my lofsang wees.
- 5 Hul sal, o HEER, u goedheid bly herdink / en vir u heil die jubels op laat klink:  
genadig, goed, lankmoedig soos weleer, / barmhartig en 'n redder is die HEER.
- 12 Maar nou, my siel, waar eindig ooit Gods eer?... / Nog sal ek uitroep: Lof! Lof aan die HEER!  
Laat alle vlees vir ewig en altyd / sy Naam verhef so hoog in heerlijkheid!

Die genade van ons Here Jesus Christus, die liefde God die Vader en die gemeenskap van die Heilige Gees sal met elkeen van julle wees en bly.

**Amen.**